

Vrydag 8 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:27-34

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:28; HK Sondag 30, Vraag 81

Selfondersoek voor nagmaal

Die besluit of iemand nagmaal mag gebruik, is eerstens 'n persoonlike saak. Elkeen moet dit vir homself biddend in die lig van die Skrif uitmaak. Dit is wat Paulus ook bedoel in 1 Korintiërs 11:28. So roep die nagmaal ons tot selftug.

Die ware selftug of selfondersoek bestaan volgens die Kategismus uit dieselfde drie dele as waarin die Kategismus ingedeel is en wat ook in die nagmaalsformulier gevind word, naamlik kennis van ons ellende, verlossing en dankbaarheid.

- *Kennis van ons ellende* – Ek moet nadink oor my sonde en vervloeking sodat ek 'n afkeer en diep berou daaroor kan hê en my voor God daaroor kan verootmoedig. Gewoonlik wil ons nie nadink oor ons sonde nie, maar met die oog op die nagmaal moet ons dit doen. Ek moet as't ware my lewe stukkie vir stukkie neem en dit aan God se Woord toets. As ons dit eerlik en opreg doen, sal ons insien hoe oppervlakkig ons sondebeseft dikwels is. Ons lewe so maklik in sonde sonder dat dit ons hinder. Die sonde het as't ware dik eelte om ons siele gevorm sodat ons ongevoelig geword het vir die verkeerde en sondige. Dit spreek dan ook vanself dat as ons ons sonde nie reg ken nie, ons ook geen werklike behoefte aan Christus as Verlosser sal hê nie. Daarenteen, wie sy sonde reg ken, sal saam met die tollenaar uitroep: “O God, wees my, sondaar, genadig” (Luk. 18:13).
- *Kennis van ons verlossing deur Jesus Christus* – Ek moet myself ondersoek of ek glo dat al my sondes ter wille van die verdienste van Christus vergewe is. Ek moet daartoe kom om baie persoonlik in die woorde van Dawid die Here soos volg vir die vergewing van sonde te prys: “Hy handel met *my* nie volgens *my* sondes nie en vergeld *my* nie vir *my* ongeregtighede nie ... So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy *my* oortredinge van *my*” (Ps. 103:10, 12). Daarby moet ek glo dat al “die swakhede wat nog oor is (in my lewe) met sy lyding en sterwe bedek is”.
- *Kennis van ons dankbaarheid* – In die Kategismus word die dankbaarheid van die gelowige aangedui as 'n permanente begeerte om ons geloof hoe langer hoe meer te versterk en ons lewe te verbeter. Ons moet ons geloof versterk deur die middele wat God ons gegee het: die Woord (eredienste), die sakramente en die gebed. Met die verbetering van ons lewe word nie 'n soort humanistiese opknapping bedoel nie, maar die voortgang op die pad van daaglikse bekering en die ontplooiing van die nuwe lewe wat die Heilige Gees aan ons geskenk het.